Die rol van musiek in breinontwikkeling

Musiek het ‘n kragtige effek op ons emosies. ‘n Stil, rustige wiegeliedjie kan ‘n omgekrapte baba kalmeer, ‘n majestueuse koor kan ons oprui en tot groot hoogtes voer. Musiek het egter ook ‘n invloed op hoe ons dink.

In die onlangse jare is daar baie navorsing gedoen en geleer oor hoe die brein ontwikkel. Babas word met miljarde breinselle gebore, wat neurone genoem word. Gedurende die eerste lewensjare vorm die neurone verbindings met ander neurone. Soos die tyd verloop, word die verbindings in ons breine wat ons gereeld gebruik al hoe sterker.

Kinders wat gereeld na musiek luister terwyl hul groot word ontwikkel sterk verbindings in die brein wat met musiek te doen het. Sommige van hierdie breinpaadjies beïnvloed die manier waarop ons dink. Om na klassieke musiek te luister verbeter ons ruimtelike denke, ten minste vir ‘n beperkte tyd. Wanneer musiekinstrumente bespeel word het dit ‘n langer invloed op sekere denkvaardighede.

Maak musiek ons slimmer?

Nie regtig nie. Musiek maak ons breine ontvanklik vir sekere denkpatrone. Nadat volwassenes na klassieke musiek geluister het, kan hul ruimtelike take vinniger doen, soos om byvoorbeeld legkaarte te bou.

Hoekom gebeur dit? Die klassieke musiek se paadjies in ons breine is gelyk aan die paadjies wat ons vir ruimtelike redenering of denke gebruik. Wanneer ons na klassieke musiek luister, word die paadjies “wakker” gemaak en is gereed om te gebruik. Die effek

daarvan hou net ‘n kort rukkie. Ons verbeterde ruimtelike vaardighede vervaag na ongeveer ‘n uur nadat ons opgehou het om na die musiek te luister.

Wanneer kinders musiekinstrumente leer bespeel, het dit vir langer tye ‘n effek op hul ruimtelike vaardighede. Sommige studies het getoon dat kinders wat vir ses maande klavierlesse geneem het hul ruimtelike vermoë met 30% verbeter het. Hoekom maak die speel van ‘n instrument so ‘n groot verskil? Navorsers meen die musikale opleiding ontwikkel nuwe breinpaadjies.

Hoekom klassieke musiek?

Werke wat deur mense soos Bach, Beethoven en Mozart geskep is, verskil van ander soorte musiek. Klassieke musiek het ‘n baie komplekse of ingewikkelde struktuur. Babas van 3 maande kan die struktuur herken en herken musiek wat hul voorheen gehoor het.

Navorsers dink die kompleksiteit van klassieke musiek berei die brein voor om ruimtelike probleme vinniger op te los. Om na klassieke musiek te luister beïnvloed die brein op ander wyses as ander soorte musiek.

Dit beteken nie dat ander soorte musiek nie goed is nie. Om na enige soort musiek te luister help om paadjies in die brein te bou. Musiek kan ook ‘n baie positiewe effek op ons buie hê, wat die leerproses vergemaklik.

Wat kan ons doen?

Ouers, onderwysers of versorgers kan die kinders se liefde vir musiek van vroeg af aanmoedig en koester. Hier volg ‘n paar idees:

- **Speel musiek vir babas.** Stel babas bloot aan verskillende soorte musiek in verskeie genres. Hou net die volume gemiddeld tot laag. Harde musiek kan ‘n baba se gehoor aantas.
- **Sing vir babas en jong kinders.** Dit maak glad nie saak hoe goed jy kan sing nie. Liedjies wat gesing word help met woordeskatuitbreiding en taalontwikkeling. Selfs jong babas kan wysies herken as hul dit al gehoor het.
- **Sing saam met die kinders.** Kinders geniet dit om saam te sing as hul bietjie groter word. Wanneer woorde met note gekombineer word, help dit die brein om vinniger te leer en langer te onthou. Dis waarom ons lirieke en liedjies onthou wat ons as kinders aangeleer het, al het ons dit jare laas gehoor.
- **Begin vroeg met musieklesse.** Jong kinders se ontwikkelende brein is goed toegerus om musiek aan te leer. Hul geniet dit om liedjies te sing, instrumente te bespeel, soos slaginstrumente. Hul beweeg graag op maat van musiek en leer eenvoudige dansies maklik aan. ‘n Lewenslange liefde vir musiek word so gekweek.
- **Musieklesse in die kleuterskool en skool.** Sang stimuleer die brein, al is dit vir ‘n kort rukkie. Musieklesse in die skool help om vaardighede soos koördinasie en

kreatiwiteit te vestig, dit verbeter ook wiskundige vaardighede. Om meer van musiek te leer help kinders om afgeronde volwassenes te word.